education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

HOËR GRAAD

FEBRUARIE/MAART 2006

503-1/2 A

**Punte: 200**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 15 bladsye.**

GESKIEDENIS HG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum

503 1 2A HG

X05

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

5. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

6. Beantwoord VIER (4) vrae.

   6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (ÓF 'N OPSTEL-VRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as DRIE (3) vrae uit hierdie afdeling nie.

## VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 1A

Alhoewel die meeste koloniale magte na 1945 swak was, was hulle steeds behep met die idee om hulle houvas op die Afrika-kolonies vir nog 'n lang tydperk te behou.

Analiseer die omstandighede wat hierdie idee onmoontlik gemaak het deur na bogenoemde te verwys. **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Afrika-leiers is grootliks verantwoordelik vir Afrika se uitdagings na onafhanklikheid.

Stem jy saam? Motiveer jou standpunt krities. **[50]**

## VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 2A

Alhoewel Lenin in die geskiedenis as 'n held van kommunisme onthou sal word, was hy tog nie daartoe in staat om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red nie.

Evalueer die stelling deur na Lenin se ekonomiese beleide tussen 1918 en 1924 te verwys. **[50]**

**OF**

### VRAAG 2B

Kommunisme het in Rusland as gevolg van Stalin se Vyfjaarplanne oorleef.

Is dit 'n geregverdigde oordeel? Motiveer jou antwoord krities deur na die tydperk 1928 tot 1939 te verwys. **[50]**

**VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

'n Onvermoë om die skrif aan die muur te lees, het veroorsaak dat die goue era in Amerika se ekonomie ineenstort.

Ondersoek die stelling krities deur na die periode 1922 tot 1929 te verwys. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Roosevelt se Nuwe Bedeling-beleid in die Verenigde State van Amerika was 'n geskenk om 'n sterwende ekonomie te red.

Beoordeel hierdie stelling deur na die periode 1933 tot 1939 te verwys. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in 'n ADDENDUM.

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE GESIGSPUNTE EN MENINGS WAT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) BEVORDER HET?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A:

a) Wat is die twee gesigspunte oor eenheid wat in hierdie bron toegelig word? (2 x 2)

b) Verduidelik die voordele wat eenheid vir Afrika sou inhou. (2 x 2)

4.1.2 Bestudeer Bron 4B:

a) Wat was die doelwitte van die konferensies? (2 x 2)

b) Verduidelik tot in watter mate Bron 4B betroubaar is om te toon hoe die OAE gestig is. (6)

Vraag 4.1.2 (b) sal volgens kriteria wat in 'n matriks georganiseer is, nagesien word.

4.1.3 Verduidelik hoe Bron 4A die idee wat in Bron 4B ingesluit is, versterk. (2 x 2)

4.1.4 Verwys na Bron 4C. Hoekom dink jy was dit vir Afrika noodsaaklik om 'n beleid van onverbondenheid na te streef? (3 x 2)

4.1.5 Op watter wyse is Bronne 4A en 4C dieselfde? (2 x 2)
**(32)**

### 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?

Gebruik Bronne 4D, 4E en 4F om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Verwys na Bronne 4D en 4E:

a) Verduidelik of die gesigspunte wat in Bron 4E verskaf word, die doelstellings wat in Bron 4D gelys word, verydel. (2 x 2)

b) Gebruik Bron 4E en jou eie kennis om die toestand in Rwanda in 1999 te verduidelik. (1 x 2)

4.2.2 Verduidelik of jy Bron 4F as betroubaar sou beskou om 'n begrip van die OAE te verkry. (2 x 2)

4.2.3 Gebruik Bronne 4D, 4E, 4F en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls oor die suksesse en mislukkings van die OAE te skryf. (8)
**(18)**
**[50]**

**VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET**

**5.1 HOE HET NAZI-BELEIDE DIE JODE IN DUITSLAND ONTMENS?**

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Gebruik Bron 5A en jou eie kennis:

(a) Verduidelik wat met Anti-Semitisme bedoel word. (1 x 2)

(b) Wat, dink jy, kan die moontlike redes vir Hitler se uitsluiting van Jode uit die Nazi Staatsdiens wees? (3 x 2)

5.1.2 Hoekom, volgens Bron 5B, is gemengde huwelike verbied? (2 x 2)

5.1.3 Watter bewyse is daar in Bronne 5A en 5B wat aandui dat die Jode nie burgers van Duitsland was nie? (3 x 2)

5.1.4 Verduidelik, deur Bron 5C te gebruik, waarom jy dink Friedrich nie sy identiteit aan Helga bekend gemaak het nie. (2 x 2)

5.1.5 Hoe is Friedrich se menseregte in Bron 5C geskend? (4 x 2)

5.1.6 Verduidelik in watter mate die bewyse in Bron 5C die bewyse in Bron 5D versterk. (2 x 2)

5.1.7 Verduidelik hoe betroubaar Bronne 5C en 5D vir 'n historikus is wanneer navorsing oor die houding van Duitsers teenoor ander rassegroepe gedoen word. (2 x 2)

5.1.8 Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C, 5D en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 15 reëls oor hoe die Nazi-beleid die Jode in Duitsland ontmens het, te skryf. (12)
**[50]**

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS DIE KOUE OORLOG 'N OOS-WES MAGSTRYD EN 'N BEDREIGING VIR WÊRELDVREDE?

Gebruik Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Bestudeer Bron 6A. Wat vertel hierdie bron jou omtrent die Verenigde State van Amerika (VSA) se sienings oor Sowjet-Rusland? (2 x 2)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B. Wat vertel hierdie bron jou omtrent Sowjet-Rusland se sienings oor die VSA? (2 x 2)

6.1.3 Wat, volgens Bron 6C, is die kenmerke van die Koue Oorlog? (2 x 1)

6.1.4 Verwys na Bron 6C. Verduidelik waarom 'oorlog as uitweg 'n selfmoordonderneming' was. (1 x 2)

6.1.5 Gebruik Bronne 6A, 6B, 6C en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls oor waarom die Koue Oorlog as 'n Oos-Wes magstryd en 'n bedreiging vir wêreldvrede beskou kan word, te skryf. (8)
**(20)**

### 6.2 HOEKOM HET SOWJET-RUSLAND EN DIE VSA VERSKILLENDE BESKOUINGE OOR DIE MARSHALLPLAN GEHAD?

Gebruik Bronne 6D, 6E, 6F en 6G om die volgende vrae te beantwoord:

6.2.1 Verwys na Bron 6D. Wat was die doelstellings van die Marshallplan? (2 x 1)

6.2.2 Gebruik Bron 6E om te verduidelik hoekom Zhdanov die Marshallplan as 'n 'Amerikaanse plan om Europa te verslaaf' beskou. (2 x 2)

6.2.3 Deur na Bronne 6F en 6G te verwys, verduidelik die redes vir die verskil in houding oor die Marshallplan. (3 x 2)

6.2.4 Verduidelik hoe bruikbaar bron 6F is om te toon hoe Wes-Duitsland die Marshallplan ontvang het. (2 x 2)

6.2.5 Verduidelik hoe Bron 6E vir Bron 6G ten opsigte van die Marshall-plan ondersteun. (2 x 2)

6.2.6 Gebruik Bronne 6D, 6E, 6F, 6G en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls te skryf om te verduidelik hoekom Sowjet-Rusland en die VSA verskillende beskouings oor die Marshallplan gehad het. (10)

**(30)**

**[50]**

**TOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*

# GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-1/2 A

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE GESIGSPUNTE EN MENINGS WAT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) BEVORDER HET?

**BRON 4A**

Hierdie is 'n uittreksel wat twee gesigspunte oor eenheid. Die eerste een is deur Julius Nyerere en die tweede deur Adekunle Ajala.

'n Nuwe visie oor eenheid in onafhanklikheid het in dié jare ontwikkel. 'n Nuwe begrip vir die behoefte aan daardie eenheid het begin versprei. Hier is twee standpunte, uit baie, wat hierdie visie en begrip, soos hulle nou sterker na vore getree het, definieer.

Die eerste is deur President Julius Nyerere van Tanzanië, in sy boek wat *Africa's Freedom* genoem word. 'Slegs met eenheid,' skryf hy, 'kan ons verseker dat Afrika werklik hulleself regeer. Slegs met eenheid kan ons seker wees dat Afrika-hulpbronne tot voordeel van Afrikane benut sal word.'

Die tweede is deur die Nigeriese historikus, Adekunle Ajala, in sy boek wat *Pan-Africanism* genoem word. Hy skryf 'Afrika het baie onontginde hulpbronne ... die grond is majestueus tussen die Ooste en Weste geleë. Met 'n bevolking van 350 miljoen [maar baie meer vandag] oortref dit dié van die VSA en USSR. Daar is dus niks wat 'n verenigde, stabiele, ekonomies sterk en hoogs geïndustrialiseerde Afrika verhoed om met hulle in wêreldpolitiek mee te ding nie.'

Die pad na hierdie nuwe idees omtrent die behoefte vir algehele Afrika-eenheid en -vordering was lank en moeilik. Dit het deur verskeie stadiums gegaan.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4B**

Dit is 'n uittreksel wat die sameroeping van konferensies wat uiteindelik tot die OAE gelei het, verduidelik.

Hierdie konferensies het in 1958 onder die leierskap van Kwame Nkrumah en onafhanklike Ghana begin. Hulle het twee doelstellings gehad: om die anti-koloniale stryd in elke deel van die vasteland te ondersteun en om die idees oor Pan-Afrikaanse eenheid te versterk.

Die eerste konferensie wat deur Nkrumah georganiseer is, was 'n vergadering in Akkra, in 1958, tussen die agt state wat toe onafhanklik was: Egipte (Verenigde Arabiese Republiek: VAR), Ethiopië, Ghana, Liberië, Libië, Morokko, Soedan, Tunisië. 'Vir die eerste keer in die moderne wêreld,' het die Pan-Afrikanistiese historikus, V Bakpetu Thompson, in sy boek *Africa and Unity* geskryf, 'het leiers van onafhanklike Afrika-state ontmoet om gemeenskaplike probleme te bespreek, o m gemeenskaplike beleide rakende politieke, ekonomiese, kulturele en maatskaplike sake op te stel.'

'n Tweede Akkra-konferensie het in Desember 1958 gevolg. Dit was 'n vergadering nie van regerings nie, maar van nasionalistiese partye. Afgevaardigdes het van alle dele van Afrika gekom, óf hulle onafhanklik was óf nie, behalwe van Frans-Afrika en Noord-Nigerië. 'n All-African People's Organisation (AAPO) is met sy hoofkwartier in Akkra gestig. Dit het na algehele Afrika-bevryding en stappe tot 'n uiteindelike Gemenebes van Vry Afrika-state gestreef. Anti-koloniaal en anti-rassisties, was die AAPO 'n kanaal waardeur ou idees van Pan-Afrika eenheid in nuwe vorme en met nuwe krag kan ontwikkel.

Ander AAPO-konferensies is in Tunisië in 1960 en in Kairo in 1961 gehou. 'n All-African Trade Union Organisation is gestig.

**BRON 4C**

Dit is 'n uittreksel wat verduidelik waarom die OAE onverbonde behoort te bly.

Verskeie idees het die stigting van die OAE aangedryf. Een daarvan was dat Afrika se onafhanklike nasies buite die 'groot-magsblokke' waarin die res van die wêreld meestal verdeel was, moes bly, anders sou Afrika se nasies gou die vryheid wat hul so pas gekry het, verloor. Dit was die idee of beleid van onverbondenheid (neutraliteit). Afrikane, het dit gesê, moet sterk staan op hul eie gebied. Hulle moet in staat wees om druk van buite te weerstaan.

Onverbondenheid as 'n wêreldbeweging het aanvanklik vorm aangeneem by 'n vergadering in Bandung, Indonesië gedurende 1955, wat bygewoon is deur verteenwoordigers van 17 (sewentien) regerings uit Asië en 6 (ses) Afrika-regerings (Egipte, Ethiopië, Liberië, Libië en die tot dusver nie onafhanklike regerings van Ghana en Soedan). Later het die meeste onafhanklike Afrika-regerings by die beweging aangesluit. Die doelstellings daarvan was om nuut gewonne onafhanklikheid te verdedig; om die belange van die armer lande in die wêreld te bevorder; en om te help om konflikte tussen hulle op te los.

Onverbondenheid was daarop gemik om Afrika te beskerm teen die pynlike gevolge daarvan om in die middel van die sogenaamde Oos-Wes-konflik vasgevang te wees: naamlik van die wedywering tussen die twee grootmagsblokke wat deur die VSA en die USSR gelei is. Hierdie mikpunt het min sukses behaal; en tog is die Beweging van Onverbondenheid, soos dit genoem is, as nuttig bewys vir die nuwe nasie-state. Dit het gehelp om vir hulle solidariteit (eenheid) onder mekaar te gee. Dit het hulle aangemoedig om oor hulle eie oplossings vir hul eie probleme te dink.

## 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?

### BRON 4D

Hierdie is 'n uittreksel uit die Handves van die OAE wat die doelstellings van die OAE verduidelik.

Die doelstellings van die OAE, soos gemeld in Artikel 11(1) van hierdie Handves is:

a) om die eenheid en solidariteit van die Afrika-state te bevorder

b) om hul samewerking en pogings om 'n beter lewe vir die volkere van Afrika te bereik, te koördineer en te verskerp

c) om hul soewereiniteit, hul gebiedsintegriteit en onafhanklikheid te verdedig

d) om alle vorme van kolonialisme in Afrika uit te wis, en

e) om internasionale samewerking te bevorder, met die nodige agting vir die Handves van die Universele Verklaring van Menseregte

**BRON 4E**

Twee sienings oor die evaluering van die OAE.

**SIENING 1**

Hierdie siening is uit Basil Davidson se *Modern Africa*, wat een van die suksesse van die OAE verduidelik, geneem.

'n Klein oorloggie het in Oktober 1963 tussen Marokko en Algerië uitgebreek. Dit het op 'n grensgebied van Algerië wat deur Marokko geëis is, betrekking gehad. Deur op te tree as bemiddelaar, was die OAE in staat om by te dra tot 'n wapenstilstand, en, in Februarie 1964, 'n vredesooreenkoms.

Elke kant het iets verkry en het ingestem tot die ekonomiese ontwikkeling van mineraalneerslae by Tindouf in Algerië. Maar dit het nie daarin geslaag om Marokko tevrede te stel nie. Die OAE se vredespoging moes voortgaan. Hulle is met sukses bekroon toe 'n nuwe ooreenkoms in Mei 1970 bereik is. Ander dispute van hierdie aard is geskik; en die OAE het homself as 'n waardevolle vredesinstrument bewys.

**SIENING 2**

Hierdie uittreksel verduidelik die grusame volksmoord in Rwanda wat wêreldwye dekking gekry het. Dit toon die tekortkominge van die OAE rakende konflikhantering. Dit is onttrek uit die volgende webblad op die internet: *http://www.idt.unit.no/-isfit/speeches/mollan.html*

In April [1994] het daar agt miljoen mense in Rwanda gewoon. Tot dusver [1999] het meer as drie miljoen uit die land gevlug en bykans een miljoen is doodgemaak.

Vandag [1999] is Rwanda soos 'n oop graf. Orals is daar lyke van mans en vrouens, kinders en babas. Hulle is deur hulle eie land se mense vermoor, doodgeslaan, doodgesteek.

Hulle lê in bloedplasse op die vloer van hul huise, op die gras buite hulle huise, in die landerye wat hulle bewerk het. Hulle lê op die paaie, hulle dryf in die riviere af, hulle verrot in kerke, hulle word deur hulle eie honde geëet. Daar is een miljoen dood.

**BRON 4F**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n British Broadcasting Corporation-artikel oor die geskiedenis van die OAE, 1999.

> Die OAE is ook gekritiseer dat hy te min of niks gedoen het om die lewenstandaard van die wêreld se armste nasies te verbeter nie. Maar soos enige internasionale instelling kan dit net so sterk wees soos sy lidstate dit toelaat.
>
> Hulle wat daardie state regeer, het jaloers gewaak teen inmenging van buite wat hul oorheersing bedreig.
>
> Gevolglik kon die OAE slegs 'n beperkte rol speel om Afrika se vele politieke konflikte te beëindig, of om die ekonomieë van Afrika te help integreer.

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE HET NAZI-BELEIDE DIE JODE IN DUITSLAND ONTMENS?

**BRON 5A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur Raul Hilberg, 'n historikus oor die Holocaust. Dit verduidelik Hitler se anti-Joodse maatreëls wat ontwerp is om die Jode uit die Duitse openbare lewe uit te sluit.

Toe hulle aan bewind kom, het die Nazi's dadelik begin om 'n reeks wette in te stel wat daarop gemik was om 'nie-Ariërs', d.i. Jode, uit die openbare lewe uit te sluit. 'Nie-Ariërs' is omskryf as persone wat 'n Joodse ouer of grootouer het.

Nadat met die Staatsdiens begin is, het die Nazi's voortgegaan en Jode van onderrig in skole en aan universiteite verban en het 'n kwota vir Joodse studente vasgestel. Jode is verbied om as dokters, tandartse en regters te praktiseer. Hulle mag nie as jurielede opgetree het nie. Hulle is onbevoeg vir militêre diens verklaar.

Die 'Ariërsering' van kulturele instellings het beteken dat Jode van die kulturele lewe uitgesluit was. Hulle is verbied om uitgewers of redakteurs te wees.

Jode wat in 1918 genaturaliseer (opgeneem) is – hulle was meestal van Oos-Europa – het hulle burgerskap verloor. Die gevolg was dat hulle in werklikheid staatsloos geword het.

Vernederende wetgewing het Jode verbied om honde te hê of openbare parke, swembaddens of spa's te gebruik. Daardie maatreëls is deur die grootste deel van die Duitse publiek aanvaar, ten spyte van die hewige kritiek wat oorsee gelewer is.

## BRON 5B

Die Nazi-party het van tyd tot tyd verskeie wette teen die Jode gemaak. Hier volg uittreksels uit vier van hierdie wette:

**Uittreksel 1:** *Wet op die Beskerming van Duitse Bloed en Duitse Eer,* 15 September 1935.

Huwelike tussen Jode en burgers van Duitse bloed is verbode. Huwelike wat in weerwil van hierdie wet voltrek is, is ongeldig, selfs al is dit om hierdie wet te omseil, oorsee voltrek. Jode sal nie toegelaat word om vroulike burgers van Duitse bloed as huisbediendes in diens te neem nie. Jode word verbied om die nasionale vlag of die nasionale kleure te vertoon.

**Uittreksel 2:** *Regulasie onder die Wet op die Reich-burgerskap,* 14 November 1935.

'n Jood kan nie 'n burger van die Ryk wees nie. Hy het geen reg om in politieke sake te stem nie en hy kan nie in die staatsdiens werk nie.

**Uittreksel 3:** *Dekreet van Oktober 18de* 1936.

1. Vanaf Januarie 1ste 1939 is die bestuur van kleinhandelswinkels, posbestellingshuise en onafhanklike handelspraktyke verbode vir Jode.

2. Verder word Jode, vanaf dieselfde datum, verbied om goedere of dienste op markte van enige aard, by skoue of uitstallings aan te bied, te adverteer of bestellings daarvoor te ontvang.

3. Joodse winkels wat in stryd met hierdie wet sake doen, sal deur die polisie gesluit word.

**Uittreksel 4:** Twee beperkinge wat op Jode in Berlyn in 1938 geplaas is waardeur hulle nie toegelaat is om die volgende openbare fasiliteite te gebruik nie:

Beperking 1: Alle teaters, bioskope, kabarette, openbare konsert- en lesingsale, museums, vermaaklikheidsplekke, die uitstallingsale by die Messedamm, met inbegrip van die uitstallingsarea en radiotoring, die Sportplatz, die Reich Sportveld en alle sportterreine asook skaatsbane.

Beperking 2: Alle openbare en private swemondernemings en: binnenshuise baddens asook opelug-baddens.

**BRON 5C**

Friedrich, 'n Joodse tiener, onthou sy persoonlike ervarings toe die Nazi's in Duitsland aan bewind gekom het.

Al wat Helga van my geweet het, was dat my naam Friedrich Schneider was, niks meer nie. En ek kon haar niks vertel nie, anders sou sy my nie meer wou ontmoet nie ... keer op keer het ek eensame paadjies gesoek, waar ons hopelik niemand sou ontmoet nie. Nadat ons 'n rukkie gestap het, wou Helga gaan sit. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek kon haar regtig nie so iets weier nie. Voordat ek 'n verskoning kon uitdink, het ons by een van die groen banke gekom en Helga het net gaan sit ... Ek was so verskriklik bang, daar op daardie groen bank.

Skielik het Helga opgestaan. Sy het my aan my arm gevat en my verder getrek. Ons het nie ver geloop nie of ons het by 'n geel bank gekom wat SLEGS VIR JODE gemerk was. Helga het by hierdie bank gestop en gesê: 'Sal dit jou beter laat voel as ons hier sit?'

**BRON 5D**

'n Nazi-propagandaplakkaat wat die vriendskap tussen 'n Ariese vrou en 'n swart vrou uitbeeld.

Die opskrif lui: *Die gebeurtenis! Die verlies aan rassetrots.*



## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS DIE KOUE OORLOG 'N OOS-WES MAGSTRYD EN 'N BEDREIGING VIR WÊRELDVREDE?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n Verenigde State-spotprent uit die 1950's en toon 'n groot beer. Die beer het 'n ster van die Russiese Sowjet-weermag op sy pet. Die beer hang oor Europa en raak selfs aan Afrika.



**BRON 6B**

Hierdie is 'n Sowjet-spotprent oor die VSA wat in 1952 gepubliseer is. Die hoofopskrif lui: 'Woorde en Dade'. Amerikaanse lugmagbasisse (Amerikaanse vlag) word in Engeland en die res van Europa aangedui. Dit wys hoe 'n VSA-generaal 'n vlag by Griekeland op die kaart insteek. Griekeland het so pas by NAVO aangesluit. Die VSA-politikus in die agtersak van die generaal hou 'n olyftak (simbool van vrede) en praat van 'Vrede, Verdediging, Ontwapening'. In dieselfde sak is ook 'n geweer terwyl 'n spul dollarnote ook in die sysak sigbaar is.




**BRON 6C**

Dit is die siening van A Dockrill, 'n historikus, wat in 1992 oor die Koue Oorlog kommentaar lewer.

> Die Koue Oorlog is beskryf as 'n toestand van uiterste spanning tussen die supermoondhede (VSA en Sowjet-Rusland), wat kort duskant volskaalse oorlog vassteek, maar wat gekenmerk word deur wedersydse vyandigheid en betrokkenheid by bedekte oorlogvoering en gevolmagtigde oorlogvoering as 'n manier om die belange van die een teenoor die ander te handhaaf. Die Koue Oorlog het koud gebly, want die ontwikkeling van kernwapens het oorlog as uitweg in 'n selfmoordonderneming verander: albei kante sou totaal deur so 'n gebeurlikheid vernietig word. Die stryd tussen die twee kante is dienooreenkomstig deur indirekte metodes gevoer, dikwels met aansienlike gevaar, en die gevolglike spanning het veroorsaak dat albei kante in 'n toestand verkeer het waarin hulle hoogs en voortdurend gereed was vir oorlog.

## 6.2 HOEKOM HET SOWJET-RUSLAND EN DIE VSA VERSKILLENDE BESKOUINGE OOR DIE MARSHALL-PLAN GEHAD?

**BRON 6D**

Dit is 'n uittreksel uit die toespraak wat deur George C Marshall by Harvard Universiteit op 5 Junie 1947 gemaak is.

> Dit is logies dat die Verenigde State moet doen wat hy moontlik kan doen om te help om na 'n normale ekonomiese gesondheid in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en geen versekerde vrede kan wees nie, terug te keer. Ons beleid is gerig nie teen enige land of leerstelling nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos. Die doel moet die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees om so die ontstaan van politieke en maatskaplike toestande toe te laat waarin vry instellings kan bestaan ...

**BRON 6E**

AA Zhdanov, 'n Sowjet-kommentator, het op die aankondiging van die Marshall-plan op 22 September 1947 kommentaar gelewer.

> [Die Truman-leer en die Marshall-plan] is albei 'n beliggaming van die Amerikaanse plan om Europa te verslaaf. [Die Verenigde State het] 'n aanval op die beginsel van nasionale soewereiniteit geloods. Die Sowjet-unie, daarenteen, het onvermoeid die beginsel van ware gelykheid en die beskerming van die soewereine regte van alle nasies, groot en klein, hoog gehou ... Die Sowjet-unie sal alle pogings aanwend sodat [die Marshall-plan] tot mislukking gedoem sal wees ...

**BRON 6F**

Hierdie is 'n 1947 Wes-Duitse plakkaat van die Marshall-plan waar 'n vragmotor deur 'n tolgrenspos (Zoll/Grenze) ry.
Die opskrif lui: *Vrye toegang tot die Marshall-plan.*




**BRON 6G**

Hierdie is 'n spotprent wat ook in 1947 gepubliseer is. Die woord *'Yankee'* word gebruik om die Amerikaners te beskryf.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Engelmann, B. 1988 *Hitler's Germany* Place and publisher unknown
Hargreaves, J.D. 1988 *Decolonization in Africa*, London: Publisher unknown
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Hilberg, R. 1967 *The Destruction of European Jews, Holmes and Meyer*, New York
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (ed.) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Silbert, M. 1999 *Holocaust Resource Book.* Cape Town: Cape Town Holocaust Centre
Silbert, M. & Wray,D. 2004 *The Holocaust: Lessons for humanity.* Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Tordoff, W. 1984 *Government and Politics in Africa,*London: Macmillan Press Ltd
Walsh, B. 1996 *Modern World History,* London: John Murray Publishers Ltd
Wilson, D.A. (n.d.) *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan

*Kopiereg voorbehou*

# GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-1/2 A

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE GESIGSPUNTE EN MENINGS WAT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) BEVORDER HET?

**BRON 4A**

Hierdie is 'n uittreksel wat twee gesigspunte oor eenheid. Die eerste een is deur Julius Nyerere en die tweede deur Adekunle Ajala.

'n Nuwe visie oor eenheid in onafhanklikheid het in dié jare ontwikkel. 'n Nuwe begrip vir die behoefte aan daardie eenheid het begin versprei. Hier is twee standpunte, uit baie, wat hierdie visie en begrip, soos hulle nou sterker na vore getree het, definieer.

Die eerste is deur President Julius Nyerere van Tanzanië, in sy boek wat *Africa's Freedom* genoem word. 'Slegs met eenheid,' skryf hy, 'kan ons verseker dat Afrika werklik hulleself regeer. Slegs met eenheid kan ons seker wees dat Afrika-hulpbronne tot voordeel van Afrikane benut sal word.'

Die tweede is deur die Nigeriese historikus, Adekunle Ajala, in sy boek wat *Pan-Africanism* genoem word. Hy skryf 'Afrika het baie onontginde hulpbronne ... die grond is majestueus tussen die Ooste en Weste geleë. Met 'n bevolking van 350 miljoen [maar baie meer vandag] oortref dit dié van die VSA en USSR. Daar is dus niks wat 'n verenigde, stabiele, ekonomies sterk en hoogs geïndustrialiseerde Afrika verhoed om met hulle in wêreldpolitiek mee te ding nie.'

Die pad na hierdie nuwe idees omtrent die behoefte vir algehele Afrika-eenheid en -vordering was lank en moeilik. Dit het deur verskeie stadiums gegaan.

Kopiereg voorbehou 

## BRON 4B

Dit is 'n uittreksel wat die sameroeping van konferensies wat uiteindelik tot die OAE gelei het, verduidelik.

Hierdie konferensies het in 1958 onder die leierskap van Kwame Nkrumah en onafhanklike Ghana begin. Hulle het twee doelstellings gehad: om die anti-koloniale stryd in elke deel van die vasteland te ondersteun en om die idees oor Pan-Afrikaanse eenheid te versterk.

Die eerste konferensie wat deur Nkrumah georganiseer is, was 'n vergadering in Akkra, in 1958, tussen die agt state wat toe onafhanklik was: Egipte (Verenigde Arabiese Republiek: VAR), Ethiopië, Ghana, Liberië, Libië, Morokko, Soedan, Tunisië. 'Vir die eerste keer in die moderne wêreld,' het die Pan-Afrikanistiese historikus, V Bakpetu Thompson, in sy boek *Africa and Unity* geskryf, 'het leiers van onafhanklike Afrika-state ontmoet om gemeenskaplike probleme te bespreek, om gemeenskaplike beleide rakende politieke, ekonomiese, kulturele en maatskaplike sake op te stel.'

'n Tweede Akkra-konferensie het in Desember 1958 gevolg. Dit was 'n vergadering nie van regerings nie, maar van nasionalistiese partye. Afgevaardigdes het van alle dele van Afrika gekom, óf hulle onafhanklik was óf nie, behalwe van Frans-Afrika en Noord-Nigerië. 'n All-African People's Organisation (AAPO) is met sy hoofkwartier in Akkra gestig. Dit het na algehele Afrika-bevryding en stappe tot 'n uiteindelike Gemenebes van Vry Afrika-state gestreef. Anti-koloniaal en anti-rassisties, was die AAPO 'n kanaal waardeur ou idees van Pan-Afrika eenheid in nuwe vorme en met nuwe krag kan ontwikkel.

Ander AAPO-konferensies is in Tunisië in 1960 en in Kairo in 1961 gehou. 'n All-African Trade Union Organisation is gestig.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4C**

Dit is 'n uittreksel wat verduidelik waarom die OAE onverbonde behoort te bly.

Verskeie idees het die stigting van die OAE aangedryf. Een daarvan was dat Afrika se onafhanklike nasies buite die 'groot-magsblokke' waarin die res van die wêreld meestal verdeel was, moes bly, anders sou Afrika se nasies gou die vryheid wat hul so pas gekry het, verloor. Dit was die idee of beleid van onverbondenheid (neutraliteit). Afrikane, het dit gesê, moet sterk staan op hul eie gebied. Hulle moet in staat wees om druk van buite te weerstaan.

Onverbondenheid as 'n wêreldbeweging het aanvanklik vorm aangeneem by 'n vergadering in Bandung, Indonesië gedurende 1955, wat bygewoon is deur verteenwoordigers van 17 (sewentien) regerings uit Asië en 6 (ses) Afrika-regerings (Egipte, Ethiopië, Liberië, Libië en die tot dusver nie onafhanklike regerings van Ghana en Soedan). Later het die meeste onafhanklike Afrika-regerings by die beweging aangesluit. Die doelstellings daarvan was om nuut gewonne onafhanklikheid te verdedig; om die belange van die armer lande in die wêreld te bevorder; en om te help om konflikte tussen hulle op te los.

Onverbondenheid was daarop gemik om Afrika te beskerm teen die pynlike gevolge daarvan om in die middel van die sogenaamde Oos-Wes-konflik vasgevang te wees: naamlik van die wedywering tussen die twee grootmagsblokke wat deur die VSA en die USSR gelei is. Hierdie mikpunt het min sukses behaal; en tog is die Beweging van Onverbondenheid, soos dit genoem is, as nuttig bewys vir die nuwe nasie-state. Dit het gehelp om vir hulle solidariteit (eenheid) onder mekaar te gee. Dit het hulle aangemoedig om oor hulle eie oplossings vir hul eie probleme te dink.

## 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?

**BRON 4D**

Hierdie is 'n uittreksel uit die Handves van die OAE wat die doelstellings van die OAE verduidelik.

Die doelstellings van die OAE, soos gemeld in Artikel 11(1) van hierdie Handves is:

a) om die eenheid en solidariteit van die Afrika-state te bevorder

b) om hul samewerking en pogings om 'n beter lewe vir die volkere van Afrika te bereik, te koördineer en te verskerp

c) om hul soewereiniteit, hul gebiedsintegriteit en onafhanklikheid te verdedig

d) om alle vorme van kolonialisme in Afrika uit te wis, en

e) om internasionale samewerking te bevorder, met die nodige agting vir die Handves van die Universele Verklaring van Menseregte

**BRON 4E**

Twee sienings oor die evaluering van die OAE.

**SIENING 1**

Hierdie siening is uit Basil Davidson se *Modern Africa*, wat een van die suksesse van die OAE verduidelik, geneem.

'n Klein oorloggie het in Oktober 1963 tussen Marokko en Algerië uitgebreek. Dit het op 'n grensgebied van Algerië wat deur Marokko geëis is, betrekking gehad. Deur op te tree as bemiddelaar, was die OAE in staat om by te dra tot 'n wapenstilstand, en, in Februarie 1964, 'n vredesooreenkoms.

Elke kant het iets verkry en het ingestem tot die ekonomiese ontwikkeling van mineraalneerslae by Tindouf in Algerië. Maar dit het nie daarin geslaag om Marokko tevrede te stel nie. Die OAE se vredespoging moes voortgaan. Hulle is met sukses bekroon toe 'n nuwe ooreenkoms in Mei 1970 bereik is. Ander dispute van hierdie aard is geskik; en die OAE het homself as 'n waardevolle vredesinstrument bewys.

**SIENING 2**

Hierdie uittreksel verduidelik die grusame volksmoord in Rwanda wat wêreldwye dekking gekry het. Dit toon die tekortkominge van die OAE rakende konflikhantering. Dit is onttrek uit die volgende webblad op die internet: *http://www.idt.unit.no/-isfit/speeches/mollan.html*

In April [1994] het daar agt miljoen mense in Rwanda gewoon. Tot dusver [1999] het meer as drie miljoen uit die land gevlug en bykans een miljoen is doodgemaak.

Vandag [1999] is Rwanda soos 'n oop graf. Orals is daar lyke van mans en vrouens, kinders en babas. Hulle is deur hulle eie land se mense vermoor, doodgeslaan, doodgesteek.

Hulle lê in bloedplasse op die vloer van hul huise, op die gras buite hulle huise, in die landerye wat hulle bewerk het. Hulle lê op die paaie, hulle dryf in die riviere af, hulle verrot in kerke, hulle word deur hulle eie honde geëet. Daar is een miljoen dood.

**BRON 4F**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n British Broadcasting Corporation-artikel oor die geskiedenis van die OAE, 1999.

Die OAE is ook gekritiseer dat hy te min of niks gedoen het om die lewenstandaard van die wêreld se armste nasies te verbeter nie. Maar soos enige internasionale instelling kan dit net so sterk wees soos sy lidstate dit toelaat.

Hulle wat daardie state regeer, het jaloers gewaak teen inmenging van buite wat hul oorheersing bedreig.

Gevolglik kon die OAE slegs 'n beperkte rol speel om Afrika se vele politieke konflikte te beëindig, of om die ekonomieë van Afrika te help integreer.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE HET NAZI-BELEIDE DIE JODE IN DUITSLAND ONTMENS?

**BRON 5A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur Raul Hilberg, 'n historikus oor die Holocaust. Dit verduidelik Hitler se anti-Joodse maatreëls wat ontwerp is om die Jode uit die Duitse openbare lewe uit te sluit.

Toe hulle aan bewind kom, het die Nazi's dadelik begin om 'n reeks wette in te stel wat daarop gemik was om 'nie-Ariërs', d.i. Jode, uit die openbare lewe uit te sluit. 'Nie-Ariërs' is omskryf as persone wat 'n Joodse ouer of grootouer het.

Nadat met die Staatsdiens begin is, het die Nazi's voortgegaan en Jode van onderrig in skole en aan universiteite verban en het 'n kwota vir Joodse studente vasgestel. Jode is verbied om as dokters, tandartse en regters te praktiseer. Hulle mag nie as jurielede opgetree het nie. Hulle is onbevoeg vir militêre diens verklaar.

Die 'Ariërsering' van kulturele instellings het beteken dat Jode van die kulturele lewe uitgesluit was. Hulle is verbied om uitgewers of redakteurs te wees.

Jode wat in 1918 genaturaliseer (opgeneem) is – hulle was meestal van Oos-Europa – het hulle burgerskap verloor. Die gevolg was dat hulle in werklikheid staatsloos geword het.

Vernederende wetgewing het Jode verbied om honde te hê of openbare parke, swembaddens of spa's te gebruik. Daardie maatreëls is deur die grootste deel van die Duitse publiek aanvaar, ten spyte van die hewige kritiek wat oorsee gelewer is.

Kopiereg voorbehou 

## BRON 5B

Die Nazi-party het van tyd tot tyd verskeie wette teen die Jode gemaak. Hier volg uittreksels uit vier van hierdie wette:

**Uittreksel 1:** *Wet op die Beskerming van Duitse Bloed en Duitse Eer,* 15 September 1935.

Huwelike tussen Jode en burgers van Duitse bloed is verbode. Huwelike wat in weerwil van hierdie wet voltrek is, is ongeldig, selfs al is dit om hierdie wet te omseil, oorsee voltrek. Jode sal nie toegelaat word om vroulike burgers van Duitse bloed as huisbediendes in diens te neem nie. Jode word verbied om die nasionale vlag of die nasionale kleure te vertoon.

**Uittreksel 2:** *Regulasie onder die Wet op die Reich-burgerskap,* 14 November 1935.

'n Jood kan nie 'n burger van die Ryk wees nie. Hy het geen reg om in politieke sake te stem nie en hy kan nie in die staatsdiens werk nie.

**Uittreksel 3:** *Dekreet van Oktober 18de* 1936.

1. Vanaf Januarie 1ste 1939 is die bestuur van kleinhandelswinkels, posbestellingshuise en onafhanklike handelspraktyke verbode vir Jode.

2. Verder word Jode, vanaf dieselfde datum, verbied om goedere of dienste op markte van enige aard, by skoue of uitstallings aan te bied, te adverteer of bestellings daarvoor te ontvang.

3. Joodse winkels wat in stryd met hierdie wet sake doen, sal deur die polisie gesluit word.

**Uittreksel 4:** Twee beperkinge wat op Jode in Berlyn in 1938 geplaas is waardeur hulle nie toegelaat is om die volgende openbare fasiliteite te gebruik nie:

Beperking 1: Alle teaters, bioskope, kabarette, openbare konsert- en lesingsale, museums, vermaaklikheidsplekke, die uitstallingsale by die Messedamm, met inbegrip van die uitstallingsarea en radiotoring, die Sportplatz, die Reich Sportveld en alle sportterreine asook skaatsbane.

Beperking 2: Alle openbare en private swemondernemings en: binnenshuise baddens asook opelug-baddens.

**BRON 5C**

Friedrich, 'n Joodse tiener, onthou sy persoonlike ervarings toe die Nazi's in Duitsland aan bewind gekom het.

Al wat Helga van my geweet het, was dat my naam Friedrich Schneider was, niks meer nie. En ek kon haar niks vertel nie, anders sou sy my nie meer wou ontmoet nie ... keer op keer het ek eensame paadjies gesoek, waar ons hopelik niemand sou ontmoet nie. Nadat ons 'n rukkie gestap het, wou Helga gaan sit. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek kon haar regtig nie so iets weier nie. Voordat ek 'n verskoning kon uitdink, het ons by een van die groen banke gekom en Helga het net gaan sit ... Ek was so verskriklik bang, daar op daardie groen bank.

Skielik het Helga opgestaan. Sy het my aan my arm gevat en my verder getrek. Ons het nie ver geloop nie of ons het by 'n geel bank gekom wat SLEGS VIR JODE gemerk was. Helga het by hierdie bank gestop en gesê: 'Sal dit jou beter laat voel as ons hier sit?'

**BRON 5D**

'n Nazi-propagandaplakkaat wat die vriendskap tussen 'n Ariese vrou en 'n swart vrou uitbeeld.

Die opskrif lui: *Die gebeurtenis! Die verlies aan rassetrots.*



## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS DIE KOUE OORLOG 'N OOS-WES MAGSTRYD EN 'N BEDREIGING VIR WÊRELDVREDE?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n Verenigde State-spotprent uit die 1950's en toon 'n groot beer. Die beer het 'n ster van die Russiese Sowjet-weermag op sy pet. Die beer hang oor Europa en raak selfs aan Afrika.



**BRON 6B**

Hierdie is 'n Sowjet-spotprent oor die VSA wat in 1952 gepubliseer is. Die hoofopskrif lui: 'Woorde en Dade'. Amerikaanse lugmagbasisse (Amerikaanse vlag) word in Engeland en die res van Europa aangedui. Dit wys hoe 'n VSA-generaal 'n vlag by Griekeland op die kaart insteek. Griekeland het so pas by NAVO aangesluit. Die VSA-politikus in die agtersak van die generaal hou 'n olyftak (simbool van vrede) en praat van 'Vrede, Verdediging, Ontwapening'. In dieselfde sak is ook 'n geweer terwyl 'n spul dollarnote ook in die sysak sigbaar is.




**BRON 6C**

Dit is die siening van A Dockrill, 'n historikus, wat in 1992 oor die Koue Oorlog kommentaar lewer.

| |
|---|
| Die Koue Oorlog is beskryf as 'n toestand van uiterste spanning tussen die supermoondhede (VSA en Sowjet-Rusland), wat kort duskant volskaalse oorlog vassteek, maar wat gekenmerk word deur wedersydse vyandigheid en betrokkenheid by bedekte oorlogvoering en gevolmagtigde oorlogvoering as 'n manier om die belange van die een teenoor die ander te handhaaf. Die Koue Oorlog het koud gebly, want die ontwikkeling van kernwapens het oorlog as uitweg in 'n selfmoordonderneming verander: albei kante sou totaal deur so 'n gebeurlikheid vernietig word. Die stryd tussen die twee kante is dienooreenkomstig deur indirekte metodes gevoer, dikwels met aansienlike gevaar, en die gevolglike spanning het veroorsaak dat albei kante in 'n toestand verkeer het waarin hulle hoogs en voortdurend gereed was vir oorlog. |

## 6.2 HOEKOM HET SOWJET-RUSLAND EN DIE VSA VERSKILLENDE BESKOUINGE OOR DIE MARSHALL-PLAN GEHAD?

**BRON 6D**

Dit is 'n uittreksel uit die toespraak wat deur George C Marshall by Harvard Universiteit op 5 Junie 1947 gemaak is.

> Dit is logies dat die Verenigde State moet doen wat hy moontlik kan doen om te help om na 'n normale ekonomiese gesondheid in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en geen versekerde vrede kan wees nie, terug te keer. Ons beleid is gerig nie teen enige land of leerstelling nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos. Die doel moet die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees om so die ontstaan van politieke en maatskaplike toestande toe te laat waarin vry instellings kan bestaan ...

**BRON 6E**

AA Zhdanov, 'n Sowjet-kommentator, het op die aankondiging van die Marshall-plan op 22 September 1947 kommentaar gelewer.

> [Die Truman-leer en die Marshall-plan] is albei 'n beliggaming van die Amerikaanse plan om Europa te verslaaf. [Die Verenigde State het] 'n aanval op die beginsel van nasionale soewereiniteit geloods. Die Sowjet-unie, daarenteen, het onvermoeid die beginsel van ware gelykheid en die beskerming van die soewereine regte van alle nasies, groot en klein, hoog gehou ... Die Sowjet-unie sal alle pogings aanwend sodat [die Marshall-plan] tot mislukking gedoem sal wees ...

**BRON 6F**

Hierdie is 'n 1947 Wes-Duitse plakkaat van die Marshall-plan waar 'n vragmotor deur 'n tolgrenspos (Zoll/Grenze) ry.
Die opskrif lui: *Vrye toegang tot die Marshall-plan.*




**BRON 6G**

Hierdie is 'n spotprent wat ook in 1947 gepubliseer is. Die woord *'Yankee'* word gebruik om die Amerikaners te beskryf.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Engelmann, B. 1988 *Hitler's Germany* Place and publisher unknown
Hargreaves, J.D. 1988 *Decolonization in Africa*, London: Publisher unknown
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Hilberg, R. 1967 *The Destruction of European Jews, Holmes and Meyer*, New York
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (ed.) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Silbert, M. 1999 *Holocaust Resource Book.* Cape Town: Cape Town Holocaust Centre
Silbert, M. & Wray,D. 2004 *The Holocaust: Lessons for humanity.* Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Tordoff, W. 1984 *Government and Politics in Africa,*London: Macmillan Press Ltd
Walsh, B. 1996 *Modern World History,* London: John Murray Publishers Ltd
Wilson, D.A. (n.d.) *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan

*Kopiereg voorbehou*